

686. In 'n bepaalde geval kom x genasaleer voor, nl. \bar{x} (kyk hiervoor § 782).

x

687. In die W.P., en moontlik ook elders, kan voor r gehoor word die gepalataliseerde frikatief \bar{x} , i.p.v. x (vgl. § 497).

688. Die vorming van \bar{x} is dieselfde as die van die tweede lid van die x-foneem (kyk § 660), afgesien van :—

(i) *Artikulerende organe.*—Die agter van die tong, teen die agterste gedeelte van die hardegehemelte en die voorste gedeelte van die sagtegehemelte, terwyl die voor van die tong gelyktydig sodanig in die hoogte gaan dat dit die hardegehemelte raak. Die punt van die tong is teen die ondertande, maar iets stewiger as by die tweede lid van die x-foneem en nie so veel as by ζ nie.

\bar{x} noem ons die *stemlose gepalataliseerde voor-velêre frikatief*.

689. \bar{x} beantwoord aan k (kyk § 500). Ewenwel skyn \bar{x} en k nie noodwendig by dieselfde sprekers gehoor te word nie, altans \bar{x} word in die W.P. gehoor by sprekers wat nooit k gebruik nie, dit selfs na alle waarskynlikheid glad nie eers ken nie. Terwyl k dan ook steeds as „plat” beskou word, sal \bar{x} eerder vreemd as „plat” klink.

690. Die gebied van \bar{x} kan net by benadering aangeduie word. Soveel is seker dat dit kan gehoor word in die W.P. en na die noordweste van die Kaapprovinsie toe. Dis egter 'n klank wat aan verdwyn is. Hy word meer by ou mense gehoor. Daarby skyn dit 'n klank te wees van baie beperkte gebruik. Voorbeelde : \bar{x} run vir x run *groen*, \bar{x} ras vir x ras *gras*, \bar{x} ro:t vir x ro:t *groot*, ens.

691. Party van hierdie sprekers laat \bar{x} waarskynlik ook hoor voor l : bv. \bar{x} lat vir x lat *glad*.

692. Sommige van hierdie sprekers sal \bar{x} verder palataliseer tot ζ .

HOOFSTUK XV.

DIE AFRIKAANSE TRILLER.

r

693. Die Afrikaanse r-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is :—

(i) *Artikulerende organe.*—Die punt van die tong, teen die agter van die tandwortels.

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Die punt van die tong, lossies gehou teen die tandwortels, word deur die uitgaande asem weggedruk, maar spring, kragtens sy eie veerkragtigheid, dadelik weer

terug. Sodoende kom die punt in trillende beweging (vandaar die benaming „triller”) en ontstaan beurtelings 'n afsluiting en 'n verbreking ter plaatse, wat ewenwel so gou plaasvind dat die hele proses die oor as een klank tref.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

Ons noem *r* die *stemhebbende alweolêre triller*. Die stemlose vorm bestaan nie in Afrikaans nie.

694. Anders as by *t*, *d*, *n*, *l* is by *r* net die punt van die tong betrokke. Die punt is iets meer agtertoe as daar (soos duidelik gevoel en gesien kan word), nl. teen die agter en nie teen die middel van die tandwortels nie.¹ Ook is die punt iets spits as gewoonlik die geval is in Afrikaans by die uitspraak van medeklinkers (vgl. § 173). Dit lê voor die hand dat die punt die maklikste tril as dit min of meer spits gemaak is.

695. Die afsluitinge en verbrekinge by *r* vind so vlug plaas dat die geheel die indruk maak van 'n vernouingsklank (vgl. § 78 (ii)), waartoe die klank in hierdie werk dan ook gereken word.

696. *r* is 'n gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin as op die end van 'n lettergreep, maar net voor en na klinkers: *ra:m raam*, *roi: rooi*, *dø:r deur*, *o:r oor*, ens.

r kom ook voor in verbinding met ekspllosiewe en frikatiewe, maar daarby is *r* nooit aan die absolute begin of end van die lettergreep nie, maar altoos hetsy die onmiddellik volgende, hetsy die onmiddellik voorafgaande klank: *brəŋ bring*, *trək trek*, *frai: fraai*, *xrui groei*, *kər kerk*, *pɛ:rt perd*, *bɛrx berg*, *xɛrf gerf*, ens.

697. Voor *r* word *i*, *y* en *u*, wat op sigself kort is, lank: vergelyk maar die respektiewe klanke in woorde soos *ni:r nier*, *y:r uur*, *ru:r roer* met die in bv. *nis nies*, *nys nuus* en *rut roet*.

698. Die respektiewe klinkers bly ewenwel kort:—

(i) Waar die eintlike betekenis van die betrokke gedeelte verswak is: vgl. *firy:r vieruur* met *fi:r y:r vier uur*, *sy:rəŋ suring* met *sy:r suur*, *furəŋ voering* met *fu:r voer*.

(ii) Waar die betreffende klinker swakbeklem is: vgl. *my'ra:si murasie* met *my:r muur*. Die voorbeelde kan ook onder (i) val.

(iii) Voor sekondêre *r* uit *d* (vgl. § 439 volg.): vgl. *mirə* uit *midə miede* (mv. van *mit mied*) met *mi:rə miere* (mv. van *mi:r mier*).

699. *r* kan verdwyn in swak vorme: *da: of da vir da:r daar*, *ma vir ma:r maar*, *va: vir va:r waar*. Die verdwyning geld ook van samestellinge: *da:o:r vir da:ro:r daaroor*, *va:o:r vir va:ro:r waarvoor*, *da:d:ø:r vir da:rdø:r daardeur*, *finatu vir firnatu hiernatoe*. *r* bly in *firo:r hieroor*. *r* bly in samestellinge tussen klinkers wanneer die volgende lettergreep nie 'n *r* bevat nie: *da:rən daarin*, *firən hierin*, *va:rən waarin*.

¹ Die artikulasiepunt is verskillend in verskillende tale, hetsy meer vorentoe, hetsy meer agtertoe, maar in die hier betrokke posisie vind die trilling seker die maklikste plaas. Vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, §§ 36-37.

700. **r** word deurgaans ingevoeg in *axtərlo:səx* vir *axtəlo:səx* *agtelosig*.¹

In 'n paar woorde kom voor afwisseling van **r** met **l**: *bətø:təlt* vir *bətø:tərt* *beteuterd*, *skɔpəlmaïər* *skoppelmaier* naas *skɔpərmaïər* *skoppermaier*.²

701. Vir intervokale **r** uit **d**, kyk § 439 volg.

702. Vir **r** uit **rd**, kyk § 447 volg.

DIE AFRIKAANSE „BREI”—**r** OF **R**.

R

703. Sprekers wat „brei” vervang die **r**-foneem deur die **R**-foneem. Daar is twee vername lede van die Afrikaanse **R**-foneem. Die eerste lid word behandel in § 704, die tweede in § 709.

Dis nie nodig om in 'n breë transkripsie aparte tekens vir die twee lede te gebruik nie.

704. Die eerste lid van die **R**-foneem word as volg gevorm:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die agter van die tong, teen die huig, met die punt lossies teen die ondertande.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Afgesluit deur die huig teen die „agter”. Die afsluiting bestaan egter net uit een tikkie of drukkie, sonder noemenswaardige lengte. Hier is daar dus nie 'n reeks tikkies, soos by **r** nie. Nouliks druk die huig teen die „agter”, of dit word weggedruk deur die uitgaande asem. Daar is dikwels iets van 'n trilling by hierdie tiepe van **R**, maar dis so gering dat dit buiten rekening kan gelaat word. Versover daar trilling is, word dit teweeggebring deurdat die uitgaande asem die huig laat tril.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.³

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)). Vanweë die manier van vorming noem ons hierdie tiepe van **R** 'n *drukkklank* (vgl. § 153 (5)) en die geheel heet die *stemhebbende uwulêre drukkklank* (vgl. § 152 (6)). Die stemlose vorm bestaan nie in Afrikaans nie.

705. Die populêre naam sowel vir hierdie as die volgende tiepe van **R** is die „brei”—**r** of „gebreide **r**”.

706. Deurdat die sluiting van **R** geen noemenswaardige duur het nie, maak dit die indruk van 'n vernouingsklank, waartoe dit in hierdie werk dan ook gereken word (vgl. § 78 (ii)).

707. Veral hierdie tiepe van **R** herinner sterk aan die stemhebbende vorm van **x**, nl. **g**. **g** bestaan nie in Afrikaans nie,

¹ Ten onregte word die eerste vorm nie in die spelling erken nie.

² Die tweeklank word ook lank uitgespreek: *skɔpəl-*, *skɔpərmaï:ər* *skoppel-*, *skoppermaai:er*.

³ Hier het ons dus 'n geval waar die neuskanaal gesluit en die huig tog vry is (vgl. § 63).

maar is 'n gewone klank in Nederlands, bv. in **da:gə** *dagen* naas **dax** *dag*.

708. Versover hierdie tiepe van **R** met trilling gepaard gaan, sal dit veral die geval wees na **x**: **xRo:t** *groot*, **xRui** *groei*. Uit die aard van die saak bestaan die neiging om die verskil tussen **x** en **R** so groot moontlik te maak. Dit gebeur o.a. daardeur dat **R** 'n sekere mate van trilling kry.

709. Die tweede tiepe van **R** verskil veral daarin van die eerste lid dat dit duidelik gepaard gaan met sekere mate van trilling. Hierdie mate van trilling kan verskillend wees in verskillende streke. Oor die algemeen is dit egter nie so sterk as by **r** nie en nooit so sterk as by die Nederlandse **R** nie.

710. Dis moontlik dat die verskillende tiepes van **R** nog in ander opsigte verskil en dat daar meer lede as hierdie twee erken behoort te word. Deur afwesigheid van die nodige ondersoek, moet ons met die erkenning van hierdie twee lede volstaan.

711. Let daarop dat waar die trilling by **r** ontstaan deurdad die punt vibreer, dit by **R** die gevolg is van die omstandigheid dat die huig 'n reeks afsluitinge en verbrekinge vorm en so in trilling geraak.

712. Hierdie reeks afsluitinge en trillinge vind, net soos by **r**, so snel plaas dat die geheel die oor tref as 'n vernouingsklank, waartoe dit in hierdie werk dan ook gereken word (vgl. § 78 (ii)).

713. **R** word gehoor by slegs 'n gedeelte van die sprekers, in hoofsaak die van 'n bepaalde gedeelte; **r** is die reël. Tog is die aantal wat **R** gebruik aansienlik.

714. Gewoonlik word gesê dat **R** in Malmesbury gehoor word, m.a.w. dat die mense daar „brei”. Dis volkome juis dat ieder persoon wat van vader op kind in daardie distrik gebore is en grootgeword het „brei”, altans versover sodanige persoon dit nie om die een of ander rede afgeleer het nie. Dit is ewenwel net 'n deel van die waarheid: die gebied van **R** is baie groter.

715. **R** word gehoor:—

(i) Langs die kus van die Kaapprovinsie, binne 'n seker afstand van die see. Die breedte van hierdie strook is natuurlik nie nader aan te duie nie, maar dis aansienlik. So is **R** volstrek nie beperk tot Malmesbury nie, maar is net so algemeen in noordeliker kusdistrikte soos Clanwilliam en Vanrynsdorp. Van Malmesbury kan die lyn gevolg word in suidelike rigting en om na die ooste, tot in kusdistrikte soos Caledon, Bredasdorp en Heidelberg. In hierdie distrikte is **R** binne 'n seker afstand van die see net so algemeen as in Malmesbury. Afwesigheid van die nodige ondersoek maak dit nie moontlik om aan te gee hoe ver die lyn in hetsy noordwestelike, hetsy noordoostelike rigting kan deurgetrek word nie.

(ii) By mense wat „brei” oor die hele spraakgebied, maar hier is die klank beperk tot individue of individuele families. Sodanige persone sal afkomstig wees, in minder of meer direkte lyn, uit die „brei”-streek.

716. In die kusstreek moet groot sentra, bv. Kaapstad, natuurlik nie as norm geneem word nie: dit bevat te veel vreemde elemente en versover die klank bestaan het, kan hy afgeslyt het deur druk onderlinge verkeer. In minder mate geld hierdie beperking ook van dele van distrikte wat in die „verkeer-gebied” lê, soos o.a. dele van die distrikte Stellenbosch en Pêrel. Dat dit van sodanige dorpe in nog ruimer mate geld, spreek vanself.

So gou 'n mens egter buiten die „verkeer-gebied” kom, word **R** reël. So hoef 'n mens maar enige myle buiten Kaapstad te kom, altans na 'n kant buiten die druk verkeer, en **R** word reël.

717. Om hierdie rede hang die bestaan van **R** vir ons saam met klimatologiese omstandighede.

718. Baie sprekers vervang **R** gaandeweg deur **r**. Dit gebeur deur onderlinge verkeer, veral deur die verblyf aan kosskole buiten die „**R**-gebied”. Praktiese oorweginge moedig die proses ook aan: by spreek en sing is **r** baie duideliker as **R**.

719. Vir diegene van ons wat **r** besit is dit baie vreemd dat persone wat **R** uitspreek dit moeilik kan vind om ons tiepe aan te leer. Hulle tiepe lyk vir ons juis moeilik, altans die een met besliste trilling, soos o.a. veral die Hollander dit kan tril. Die moeilikheid hier is egter wedersyds. Wie wil leer om **R** deur **r** te vervang, moet op die volgende let. Bring die punt van die tong teen die tandwortels en hou dit daar. Moenie die „agter” laat opgaan nie. Probeer dan om die punt te laat tril. As dit aanvanklik moeilik val, is die volgende proses wel die beste: hou die punt slap teen die tandwortels en ja 'n plotselinge asemstoot uit. Herhaal dit tot 'n reeks trillinge kan geproduseer word.¹ Met 'n bietjie oefening behoort dit nie moeilik te wees nie.

720. Oor die algemeen gebruik sprekers een van twee, **r** of **R**. By die sprekers wat besig is om **R** deur **r** te vervang, kan altwee gehoor word, alnmate naburige klanke die een of ander begunstig.

721. **r** en **R** is nooit, ten opsigte van mekaar, betekenis aanduidend nie. Van 'n praktiese standpunt sou die twee klanke dan ook as twee lede van dieselfde foneem kan beskou word.

¹ Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*, § 93.

Vir diegene van ons wat **r** besit, kos dit aanvanklik baie moeite om **R**, d.w.s. die getrilde **R**, uit te spreek. Die beste manier om dit aan te leer is om min of meer op dieselfde manier te werk te gaan as bo. Hier moet egter gesê word dat die punt nie opgaan teen die tandwortels nie, maar agter die ondertand gehou word. Laat die „agter” opgaan en ja dan 'n plotselinge asemstoot uit, sodat die huig in beweging kom. Herhaal dit tot daar trilling ontstaan van die huig.

HOOFSTUK XVI.

DIE AFRIKAANSE SYKLANK.

I

722. Daar bestaan net een lid van die Afrikaanse l-foneem, waarvan die vorming as volg is :—

(i) *Artikulerende organe*.—Die punt van die tong, teen die middel, en die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels. Die tong is slap en loop, in agterwaartse rigting, skuins ondertoe.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit in die middel van die betrokke gedeelte, maar oop aan minstens een kant.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Gesluit.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

Ons noem I die *stemhebbende syklank*.

Die stemlose vorm bestaan nie op sigself in Afrikaans nie. Die frikatiewe element van die affrikaat **t** is geen stemlose l, d.w.s. l nie, maar 'n laterale frikatief, nl. **l** (vgl. § 554 (ii)).

723. Dis essensieel dat minstens een kant van die tong moet oop wees by I. Vandaar die benaming *syklank (lateraal)*. Dis verskillend in verskillende tale, soms ook by verskillende persone wat dieselfde taal spreek. In die een geval is net een kant van die tong oop, in die ander altwee kante. Dit maak geen noemenswaardige verskil of dit een kant (watter kom nie op aan nie) of twee kante is nie. In Afrikaans skyn dit net een kant te wees, nl. die regterkant.¹

724. Jespersen sê² dat die sluiting by I in elke taal op dieselfde plek gevorm word as die vir **t**, **d**, **n**. Dit is seker die geval in Afrikaans. Ook die tongstand is in Afrikaans dieselfde. Om hierdie redes het Afr. I 'n dowwe, neutrale karakter, net soos **t**, **d** en **n** (vgl. §§ 415-416, 426-427 en 755).

725. Daar die sluiting by I slegs gedeeltelik is, die klank dus aangehou kan word, reken ons dit tot die vernouingsklanke (vgl. § 78).

726. I is 'n gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin as op die end van 'n lettergreep, maar net voor en na klinkers : **la:t laat**, **loi: looi**, **ful voel**, **fœyl vuil**, ens.

I kom ook voor in verbinding met eksplisiewe en frikatiewe, maar daarby is I nooit aan die absolute begin of end van die lettergreep nie, maar altoos hetsy die onmiddellik volgende, hetsy die onmiddellik voorafgaande klank : **blənk blink**, **fləis vleis**, **mglk melk**, **həlf half**, ens.

¹ 'N maklike toets om vas te stel of dit twee kante is of een, en dan watter een, is om die klank in i.p.v. uit te asem. Die koue gevoel, veroorsaak deur die instromende lug, gee dan die nodige aanduiding.

Lehrbuch § 38.

727. Afgesien van die besondere manier van sluiting, is die kenmerkende by I die bepaalde stand wat die res, die hoofgedeelte van die tong inneem. By ondersoek sal blyk dat die res van die tong allerlei stande kan inneem en dat sodanige stande min of meer ooreenkom met die van 'n bepaalde klinker. Dit het ten gevolge dat 'n bepaalde tiepe van I ook die resonans (kwaliteit) van 'n bepaalde klinker besit.¹ By die Afrikaanse I neem die hoofgedeelte van die tong 'n ə-stand aan en die resonans daarvan kom duidelik ooreen met die van ə.

728. Dis 'n nuttige en interessante oefening om I uit te spreek met telkens 'n ander klinkerstand. Die beste manier is om daarby as volg te werk te gaan: bring die spraakorgane in die posisie vir I en probeer om tegelykertyd 'n bepaalde klinker uit te spreek. Daar moet goed voor gesêre word dat die „punt” nie uit posisie raak nie.

729. Op die manier kan maklik 'n I uitgespreek word met die resonans van elkeen van die vername klinkers. By 'n voorklinker sal dan die „voor” opgaan, by 'n agterklinker daarenteë die „agter”, terwyl die tong by 'n tussenklinker 'n tussen- of neutrale stand aanneem.

730. Ons praat dan van 'n I met 'n i-resonans (soos in Engels), ε-resonans (soos in Duits), u-resonans (eweneens in Engels), ə-resonans (soos in Afrikaans), ens., alna die geval.² In 'n getroue transkripsie kan die bepaalde resonans aangedui word deur die ooreenstemmende klinker regsbo die I te plaas: Iⁱ, I^ε, I^u, I^ə, ens. Afr. *elf* sou dan wees εI^f; Du. *elf* daarenteë εI^{εf}. I met die resonans van 'n voorklinker is min of meer helder, die met die resonans van 'n agterklinker min of meer diep, terwyl die met die resonans van 'n tussenklinker 'n tussen- of neutrale kwaliteit het.³

731. I besit 'n seker mate van liprondding in Afrikaans. Dit blyk uit die volgende:—

(i) 'N geronde klinker is in Afrikaans gewoonlik ondergerond maar voor I het dit volle ronding, of minstens meer ronding. Dit word duidelik by 'n vergelyking van woordpare soos nø:l *neul* met nø:s *neus*, pø:l *peul* met pø:səl *peusel*, kəl *kol* met kəs *kos*, pəl *pol* met pəs *pos*, do:l *dool* met do:s *doos*, kul *koel* met kus *koes*, ens.

¹ Vgl. Jones *Outline*, §§ 233-235 en Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, §§ 546-547.

² Die Nederlandse I het min of meer die resonans van die Afrikaanse. Dit val dadelik op dat die resonans van die Duitse I helderder is, waarby die tong dan ook gespanne is en nie slap, soos in Afrikaans en Nederlands nie. Vergelyk maar 'n woordjie soos *elf*, wat in alldrie tale eners gespelle en in alldrie getranskribeer word εlf. Vgl. Dijkstra, *Holländisch*, § 27, en Van Haeringen in *Nieuwe Taalgids*, XVIII., bl. 75. Die beskrywing wat Jespersen, *Lehrbuch*, § 131, van die Duitse I gee is minder juis, nl. te ə-agtig.

³ Vgl. Jones, *Outline*, §§ 235-238 en Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, §§ 549-554.

(ii) In verskillende woorde word voor **l** 'n geronde i.p.v. 'n ongeronde klinker uitgespreek, hoewel dit nie in die gewone ortografie erkenning vind nie: van **spe:l** *speel* is die gewone uitspraak **spø:l**; **skælpæt** *skilpad* en **skælfær** *skilfer* word deur baie persone uitgespreek **skælpæt** en **skælfær**; by baie kan gehoor word **fø:l(s)** en **sælvær** i.p.v. **fe:l(s)** *veel(s)* en **sælvær** *silwer*.¹

732. 'N **l** wat tot dieselfde lettergreep behoort as die voorafgaande klinker, ontwikkel na sodanige klinker 'n naslag in die vorm van 'n swak **ə**. Dit blyk uit 'n vergelyking van sulke woordpare soos **køl** *kol* met **køs** *kos*, **sko:l** *skool* met **sko:t** *skoot*, ens.

Die naslag is aanmerklik duideliker na 'n lang as na 'n kort klinker: vgl. woordpare soos **fæl** *vaal* met **fal** *val*, **pæl** *paal* met **pal** *pal*, ens.

733. Wanneer **l** tot die volgende lettergreep behoort, ontwikkel geen naslag nie: vgl. **pæl:-læ** *pale* met **pæl** *paal*, **tæl:-læ** *tale* met **tæl** *taal*, ens.

734. Hierdie naslag kan feitlik net so duidelik, so vol wees as waar ons te doen het met 'n selfstandige **ə** wat, deur uitstoting en gevolglike sametrekking, een lettergreep vorm met die voorafgaande klinker en die volgende **l**. Daar is in hierdie opsig geen noemenswaardige verskil tussen bv. **me:l** *meel* en **re:æl** *reël* nie (uit Ndl. **re:gəl** *regel*) of tussen **hæl** *haal* en **hæl** *hael* (uit Ndl. **hæ:gəl** *hagel*) nie.

735. Dis totnogtoe nie gewoonte gewees om die **ə** in die eerste geval in die transkripsie te erken nie, maar waar die klank voldoende vol is, bv. in seker gevalle na lang klinkers, verdien dit netsogood erkenning in die een as in die ander geval.

736. Hierdie naslag was oorsaak dat in die verlede gemeen is, en deur sommige nog gemeen word, dat **l** 'n voorafgaande klinker rek.

737. Vir **l** uit **d** in **lat** uit **dat** *dat*, kyk § 437.

Gewoon is die assimilasie van **l** aan :—

(i) **k** in **sækæ** uit **sælkæ** *sulke*.²

(ii) **j** in die vorme **sæl** (verswak uit **sal** *sal*) en **væl**, veral waar hulle nie met nadruk uitgespreek word nie: **sæ-jæi** *kóm sal jy kom?* **væ-jæi** *lo:p wil jy loop?*

¹ Vgl. T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer*, bl. 58. Ndl. **l** besit ook liprondding, vgl. Van Haeringen in *Nieuwe Taalgids*, XVIII., bl. 75.

² Dieselfde verskynsel bestaan in die Nederlandse volkstaal, vgl. Van Helden, *Vondels Taal*, § 101.

HOOFSTUK XVII.

DIE AFRIKAANSE NASALE.

NASALE IN DIE ALGEMEEN.

738. By 'n nasaal is die mondkanaal op die een of ander plek afgesluit, die neuskanaal daarenteë oop. Ten opsigte van die mondkanaal het 'n nasaal die karakter van 'n eksplosief. By fluister kan dan ook iets van 'n ontploffing waargeneem word. Ten opsigte van die neuskanaal het 'n nasaal die karakter van 'n vernouingsklank.

739. 'N betoog oor die verhouding van eksplosief tot vernouingsklank by nasale het geen praktiese waarde nie. Deurdat die neuskanaal steeds oop is by nasale, kan hierdie klanke aangehou word, wat by eksplosiewe nooit die geval is nie; daardeur oorweeg die karakter van vernouingsklank. Daarom word in hierdie werk die nasale tot die vernouingsklanke gereken.

740. Afrikaans besit vier vername nasaalfoneme, wat foneties voorgestel word **m**, **n**, **ɲ** en **ŋ**. Afgesien van 'n enkel geval, wat nie bepaald as 'n woord kan beskou word nie (vgl. §§ 745, 760 en 781), is die Afrikaanse nasale altoos stemhebbend.

DIE AFRIKAANSE NASALE IN BESONDERHEDE.

m

741. Die Afrikaanse **m**-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die twee lippe, terwyl die tong in die ə-stand (die neutrale stand of die stand van rus) is.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit deur die twee lippe.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Oop.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

Ons noem **m** die *stemhebbende¹ bilabiale nasaal*. **m** is volledig-stemhebbend.

¹ Daar die nasale feitlik altoos stemhebbend is in Afrikaans, word hierdie aanduiding deurgaans weggelaat.

742. **m** beantwoord aan die stemhebbende bilabiale eksplousief **b**. Die verskil tussen die twee klanke is dit dat by **b** die neuskanaal gesluit is, terwyl dit by **m** oop is. By uitskakeling van die bewuste verskil, gaan die een klank oor in die ander. Vir Afrikaans herinner ons aan die algemene oorgang van **mb** tot **m** in **səptəmər**¹ *September*. Let daarop dat die **m** uit **mb** staan in die swak-beklemdede lettergreep (vgl. § 398).

743. **m** is 'n gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin as op die end van 'n lettergreep, maar net voor en na klinkers: **man man**, **mœys muis**, **kləm klim**, **rœym ruim**, ens.

744. **m** gaan nie 'n verbinding aan met ander medeklinkers in Afrikaans nie. Waar in die gewone ortografie 'n medeklinker onmiddellik voorafgaan, staan in die werklikheid 'n ə daartussen (vgl. § 387): **skɛləm skelm**, **kɛrəm kerm**, ens.

745. In die uitroep om twyfel, verbasing, spot of veragting te kenne te gee, kan die stemlose frikatief **m** gehoor word. By gebrek aan 'n aparte teken, gebruik ons die van die stemlose **m**, nl. **m̥**.² Dit word steeds gevolg deur die stemhebbende **m**, wat meestal lank is. Hy is deurgaans lank in die geval van „verbasing en spot of veragting.” Ons kry dus **m̥m**, of meestal **m̥mm**³ *mm*! **m̥** stel dan hier voor die *stemlose bilabiale nasale frikatief*.

746. Natuurlik word hierdie uitroep met verskillende toonhoogte uitgespreek, alna die betekenis.

m̥

747. Die **m̥**-foneem word gehoor in die geluid om die gekree van 'n kat na te boots. Die vorming is as volg:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die twee lippe, terwyl die voor van die tong gelyktydig sodanig in die hoogte gaan dat dit die harde-gehemelte raak. Die punt van die tong is teen die ondertande gedruk.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.s.w. deur die twee lippe. By die verbreking van die sluiting, word duidelik 'n j-afloop gehoor (vgl. § 499). Verder kom **m̥** ooreen met **m**. Ons noem **m̥** die *stemhebbende gepalataliseerde bilabiale nasaal* (vgl. § 497).

748. Die klanknabootsing word met verskillende vokalisme uitgespreek, ongenasaleer of genasaleer: **m̥au:** *m̥jaau* of **m̥āū:** *m̥jēu* en **m̥ɛu:** *m̥jēu* of **m̥ēū:** *m̥jēu*.

749. In plaas van **m̥** word ook **m̥j** gehoor.

¹ Sommige spreek uit **səptəmər**. In ouer Nederlands is daar heelwat voorbeelde van die oorgang van **mb** tot **m** en enige van die invoeging van onorganiese **b**, vgl. Te Winkel, *Grammatiese Figuren*, bl. 129-132.

² Die **̥** is simbolies van die oop stembande.

³ Dis gewoonte in fonetiese skrif om 'n lang medeklinker dubbeld te skrywe (vgl. § 377).

ŋ

750. Die Afrikaanse ŋ-foneem bestaan net uit een lid en word net in 'n stuk of wat woorde gehoor. Die vorming is as volg:—

(i) *Artikulerende organe.*—Die onderlip teen die ondertande, terwyl die tong is soos by **m**.

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Gesluit by die onderlip en die botande. By persone by wie die voortande nie teenmekaar is nie, sal daar tussen die tande 'n bietjie asem ontsnap, maar dit maak geen noemenswaardige verskil nie.

Verder stem ŋ ooreen met **m**. Ons noem ŋ die *stemhebbende labiodentale nasaal*.

751. ŋ word net gehoor voor **f** van dieselfde lettergreep. Die voorbeelde is beperk tot 'n stuk of wat woorde van vreemde oorsprong: **nəŋf** *nimf*, **ləŋfklɪr** *limfklier*.

Wanneer **f** nie tot dieselfde lettergreep behoort nie, het ons **m** i.p.v. ŋ: bv. **nəŋf**, maar **nəm-fə** *nimfe*.

752. Daar ŋ net voor **f** van dieselfde lettergreep voorkom, dus uit die posisie maklik te herken is en ten opsigte van **m** nooit betekenis aanduidend is nie, kan ŋ prakties as 'n lid van die **m**-foneem beskou word.

In 'n breë transkripsie kan ŋ dan ook bes vervang word deur **m**.

753. Die verskil tussen **m** en ŋ is gering. ŋ klink 'n ietsie helderder as **m**.

n

754. Die Afrikaanse **n**-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe.*—Die punt van die tong, teen die middel, en die blad van die tong, teen die agter van die tandwortels. Die tong is slap en loop, in agterwaartse rigting, skuins ondertoe.

(ii) *Stand van die mondkanaal.*—Volkome afgesluit deur blad-punt en tandwortels.

(iii) *Stand van die neuskanaal.*—Oop.

(iv) *Stand van die stembande.*—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

Ons noem **n** die *stemhebbende¹ alveolêre nasaal*.

755. Die sluiting en tongstand van **n** is gelyk aan die van **t**, **d** en **l** (vgl. § 724). Netsoos **t**, **d** en **l**, het ook **n** 'n dowwe, neutrale karakter (vgl. §§ 415-416 en 426-427).

756. **n** beantwoord aan die stemhebbende alveolêre eksplisief **d**. Die verskil tussen die twee klanke is dit dat by **d** die neuskanaal gesluit is, terwyl hy by **n** oop is (vgl. § 742). By uitskakeling van die bewuste verskil, gaan die een klank oor in die ander.

757. Vir die oorgang van **nd** tot **n** kyk § 447 volg.

¹ Daar die nasale feitlik altoos stemhebbend is in Afrikaans, word hierdie aanduiding deurgaans weggelaat.

758. **n** is 'n gewone klank in Afrikaans, sowel aan die begin a op die end van 'n lettergreep, maar net voor en na klinkers, **na:m naam**, **brœyn bruin**, ens.

759. **n** kom ook voor in verbinding met eksplosiewe en frikatiewe, maar daarby is **n** nooit aan die absolute begin of end van 'n lettergreep nie, maar altoos hetsy die onmiddellik volgende, hetsy die onmiddellik voorafgaande klank: **kno:p knoop**, **snei sny**, **pœnt punt**, **vœns wins**, ens.

760. In presies dieselfde geval en onder presies dieselfde omstandighede kan i.p.v. die uitroep **mm** of **mmm** (vgl. § 745) gehoor word **nn** of meestal **nn nn**! waar **n** die stemlose frikatief is (vgl. § 745).

Ons noem **n** hier die *stemlose alveolêre nasale frikatief*.¹

ŋ

761. Die **ŋ**-foneem word gehoor in die klanknabootsing **ŋaf njaf**, om die hap van 'n hond voor te stel. Die vorming is as volg:—

(i) *Artikulerende organe*.—Soos by **n**, met gelyktydige verhoging van die voor van die tong sodat dit die hardegehemelte raak.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit by die punt van primêre artikulasie, d.w.s. deur die bladpunt en die tandwortels. By die verbreking van die sluiting, word duidelik 'n **j**-afloop gehoor (vgl. § 499).

Verder kom **ŋ** ooreen met **n**. Ons noem **ŋ** die *stemhebbende gepalataliseerde alveolêre nasaal*.

762. In plaas van **ŋ** kan **nj** gehoor word. **ŋ** kan gehoor word (by sommige waarskynlik meer as by ander) voor 'n geslote voorklinker, veral by nadruk: bv. **ŋø:l vir nø:l neul**.

ɲ

763. Die Afrikaanse **ɲ**-foneem bestaan net uit een lid, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die voor van die tong, teen die middel van die hardegehemelte. Die punt van die tong is gedruk teen die onderste gedeelte van die ondertande. Die „voor” is, in sy gewelfde vorm, gesprei (plat), met die rande aan weerskante teen en tussen die bo- en ondertande (vgl. § 458 (i)).

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit deur die „voor” en die hardegehemelte.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Oop.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

¹ **n** kom ook voor as die frikatiewe gedeelte van die affrikaat **tn** (kyk § 567 (ii)).

Ons noem **p** die *stemhebbende palatale nasaal*.¹

764. **p** beantwoord aan die stemhebbende palatale eksplisief **j** (vgl. § 474). Die verskil tussen die twee klanke is dit dat by **j** die neuskanaal gesluit is, terwyl dit by **p** oop is. By uitskakeling van die bewuste verskil, gaan die een klank oor in die ander. Daar **j** haas nie bestaan in Afrikaans nie (vgl. §§ 474 en 475), kom afwisseling van hierdie twee klanke vanself nie voor nie.²

765. **p** is 'n taamlik gewone klank in Afrikaans, maar net op die end van 'n lettergreep, na klinkers. **p** gaan in Afrikaans nie 'n verbinding aan met ander medeklinkers nie.

766. **p** word in Afrikaans gehoor in die volgende gevalle:—

(i) Voor **c** van die verkleiningsuitgang **-ci -tjie, -djie**: **kaŋci kantjie** (naas **kant kant**), **baŋci bandjie** (naas **bant band**), ens.

(ii) In die geval van voorvoegsels op **n** voor 'n begin-**j** van die grondwoord: **a:pja:** naas **a:pja:** *aanja*, **ə:pja:** *inja*, **ɔ:pjəys** *onjuis*, ens.

(iii) Waar **n** in die sin te staan kom voor 'n woord wat met **j** beginne: **ɦei əp-jei** *hy en jy*, **me:p-jei** *dət meen jy dit?*

(iv) Voor **j** van die volgende lettergreep by woorde van vreemde oorsprong: **kɔ:pjak** *konjak*, **kɔ:pjœŋksi** *konjunksie*, **kɔmpaŋji** *kompanjie*, ens.

767. In die geval onder § 766 (ii) kan ook die alweolêre nasaal **n** gehoor word i.p.v. **p**. Dit kom deurdat die voorvoegsel dikwels skeidbaar gebruik word en gevolglik nie onmiddellik deur die grondwoord gevolg word nie: bv. **ja: ən** *ja in* naas **ə:pja:** *inja*, **ja: a:n** of **an ja** *aan* naas **a:pja:** of **a:pja:** *aanja*.

In minder mate kan dit die gevolg wees van besonder nadruk: bv. **ɔ:pjəys** naas **ɔ:pjəys** teenoor **ɔ:p'jəys** *onjuis*.

768. In die gevalle onder § 766 (ii) en (iii) kan dit ook gebeur dat die nasaal heeltmaal uitgestoot word, met nasalering en al of nie verlenging, indien kort, van die voorafgaande klinker: bv. **ā(:)ja:** *aanja*, **ɔ(:)jəys** *onjuis*, ens.

769. By die woorde onder § 766 (iv) kan ook die alweolêre nasaal **n** gehoor word. Dit gebeur omdat die woorde in minder of meerder mate as vreemd gevoel word. Uitstoting van die nasaal vind hier derhalwe nie gou plaas nie.

770. Veral by **spanjə** *Spanje* en **spanja:rt** *Spanjaard* kan ook gehoor word **spanjə** en **spanja:rt**, nl. by lees en voordrag. Dit gebeur in die waan dat dit die Nederlandse uitspraak is. Hierdie uitspraak is sterk af te keur.

¹ Daar die nasale feitlik altoos stemhebbend is in Afrikaans, word hierdie aanduiding deurgaans weggelaat. Eweneens word „middel” weggelaat by „palataal”. Wie 'n prepalatale **c** en **j** uitspreek (vgl. § 471) sal ook 'n prepalatale **p** uitspreek.

² Sommige persone spreek die woord *ja* in die bepaalde gebruik van § 474 uit **pa:** i.p.v. **ja:**. Dit is die enigste geval van afwisseling van die twee klanke **j** en **p**, *es* ook van **p** aan die begin van 'n lettergreep.

ŋ

771. Daar bestaan net een lid van die ŋ-foneem, waarvan die vorming as volg is:—

(i) *Artikulerende organe*.—Die agter van die tong, teen die middel van die sagtegehemelte. Die punt van die tong is lossies teen die ondertande, ongeveer daar waar die tande in die tandvleis oorgaan.

(ii) *Stand van die mondkanaal*.—Volkome afgesluit deur die „agter” en die sagtegehemelte.

(iii) *Stand van die neuskanaal*.—Oop.

(iv) *Stand van die stembande*.—In trillende beweging, sodat stem voortgebring word (vgl. § 571 (i)).

Ons noem ŋ die *stemhebbende velêre¹ nasaal*. ŋ is volledig-stemhebbend.

772. ŋ beantwoord aan die stemhebbende velêre eksplosief ɣ. Die verskil tussen die twee klanke is dit dat by ɣ die neuskanaal gesluit is, terwyl dit by ŋ oop is. By uitskakeling van die bewuste verskil, gaan die een klank oor in die ander. Afrikaans lewer nie voorbeelde op nie.

773. ŋ is 'n gewone klank in Afrikaans. Dit word aan die begin en op die end van 'n lettergreep gehoor:—

(i) Na klinkers: ə-ŋəl *enŋel*, rə-ŋə *ringe*; sləŋ *slang*, ens.

(ii) In verbinding met k, waarby k op die end staan: bəŋk *bank*, dəŋk *dink*, ens.

ŋ gaan nie 'n verbinding aan met ander medeklinkers in Afrikaans nie.

774. ŋ word gehoor in die volgende gevalle:—

(i) Waar in die gewone spelling *ng* staan en die twee tekens een klank voorstel, m.a.w. net een lettergreep daarby betrokke is: brəŋ *bring*, do:rəŋ *doring*, svə-ŋəl *swingel*, ens.

(ii) Waar in die gewone spelling *nk* staan, onverskillig of die twee klanke tot dieselfde dan wel tot aparte lettergrepe behoort en versover dit geld woorde wat nie duidelik gevoelde samestellinge is nie: bəŋk *bank*, mv. bəŋ-kə, vəŋ-kəl *winkel*, ləŋks² *links*, voor die verkleiningsuitgang -ki -kie (in die uitspraak van sommige, i.p.v. -ci, vgl. §§ 463 en 464): kleiŋki *kleinkie*, ens., maar veiŋkslər *wynkelder*, veiŋko:pər *wynkoper*, ens.

775. Wanneer *ng* van die gewone spelling twee klanke voorstel, m.a.w. tot twee aparte lettergrepe behoort, gebeur een van twee dinge:—

¹ Daar die nasale feitlik altoos stemhebbend is in Afrikaans, word hierdie aanduiding deurgaans weggelaat. Aangesien daar net een lid van die ŋ-foneem bestaan, word „middel” eweneens weggelaat by „velêre”.

² k val ook weg in hierdie woord: ləŋs, wat waarskynlik gewoner is (vgl. 488).

(i) Die nasaal val weg, met nasalering en al of nie verlenging, indien kort, van die voorafgaande klinker : $\bar{\mathfrak{f}}(:)$ - $\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{v}}\bar{\mathfrak{o}}:\bar{\mathfrak{n}}$ *ongewoon*, $\bar{\mathfrak{f}}(:)$ - $\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{s}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{k}}$ *ongeskik*, $\bar{\mathfrak{a}}:$ - $\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{m}}$ *aangenaam*, ens. Dit is wat in die meerderheid van gevalle gebeur.

(ii) Die nasaal word behou as alweolêre nasaal : $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{-}}\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}:$ *ingee*, $\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{-}}\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}:$ *aangee*, ens. Dit gebeur in die minderheid van gevalle en vind plaas—

(a) Waar ons te doen het met skeidbare werkwoorde en gevolglik invloed uitgaan van die gevalle waar die voorvoegsel op - $\bar{\mathfrak{n}}$ soms nie onmiddellik deur die grondwoord gevolg word nie : $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{-}}\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{r}}\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{v}}\bar{\mathfrak{e}}$ *ingrawe*, $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{-}}\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}:$ *ingee*, ens., naas en onder invloed van gevalle soos $\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{r}}\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{v}}\bar{\mathfrak{e}}$ $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}$ *grawe in*, $\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}:$ $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}$ *gee in*.

(b) Waar die negatiewe krag van die voorvoegsel duidelik gevoel word, of ons te doen het met kultuurwoorde en die uitspraak in minder of meerder mate bewus, d.w.s. na die letter is : $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{s}}\bar{\mathfrak{d}}\bar{\mathfrak{i}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{s}}\bar{\mathfrak{t}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{x}}$ *ongodsdienstig*, $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{-}}\bar{\mathfrak{x}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{b}}\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{d}}\bar{\mathfrak{e}}$ $\bar{\mathfrak{v}}\bar{\mathfrak{e}}:\bar{\mathfrak{e}}$ *ongebaande weë*.

Faktore (a) en (b) kan saamwerk.

776. Sowel in die geval van (a) as in die van (b) kan die nasaal egter wegval, met nasalering en al of nie verlenging, indien kort, van die voorafgaande klinker. Soms hang dit saam met wat ons kan noem standarduitspraak, soms met die vraag of 'n woord meer of minder ingang gevind het in die omgangstaal.

777. In verband met § 774 (ii) moet dieselfde opgemerk word omtrent nasaal + $\bar{\mathfrak{k}}$ as wat reeds opgemerk is omtrent nasaal + $\bar{\mathfrak{x}}$ in § 775 (ii) (a) en (b) en in § 776.

Ons wys op die volgende gevalle :—

(i) Ons sê $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{x}}$ *inkennig*, $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{l}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{y}}\bar{\mathfrak{s}}$ *inkluis*, $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{o}}\bar{\mathfrak{s}}\bar{\mathfrak{t}}\bar{\mathfrak{e}}$ *onkoste* en $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{r}}\bar{\mathfrak{o}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{y}}\bar{\mathfrak{t}}$ *onkruid* : hierdie woorde is vir die taalgevoel eenhede, sonder dat die dele apart gevoel word.

(ii) By 'n woord soos $\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{o}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{s}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{v}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{t}}$ *inkonsekwent* sal die nasaal deurgaans $\bar{\mathfrak{n}}$ wees : deels vanweë die kulturele faktor, deels en veral vanweë die krag van die voorvoegsel.

(iii) By 'n woord soos *onkunde*, wat kan beskou word as min of meer op die grens te staan tussen (i) en (ii), kan sowel $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{-}}$ as $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{o}}\bar{\mathfrak{e}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{d}}\bar{\mathfrak{e}}$ gehoor word, alnmate die eerste of die tweede faktor by die spreker oorweeg.

(iv) Die krag van verskillende faktore word duidelik bewys deur 'n vergelyking van *onklaar* „nie klaar nie” met *onklaar* „gebruik van 'n trekdier wat oor die string of trektou getrap het”. By die eerste, die jong, in minder of meerder mate kultuurwoord, sal die nasaal wel gewoonlik as $\bar{\mathfrak{n}}$ uitgespreek word : $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{n}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{l}}\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{r}}$; by die tweede, eg-Afrikaanse woord, waarvan die dele nie meer apart gevoel word nie, word die nasaal as $\bar{\mathfrak{m}}$ uitgespreek : $\bar{\mathfrak{c}}\bar{\mathfrak{m}}\bar{\mathfrak{'}}\bar{\mathfrak{k}}\bar{\mathfrak{l}}\bar{\mathfrak{a}}:\bar{\mathfrak{r}}$.¹

¹ Daarom verdien die spelling *onklaar* erkenning.

Dat die twee woorde anders gevoel word, blyk reeds uit die verskillende klem : by die laaste woord val dit altoos op die laaste lettergreep, by die eerste kan dit op altwee val, maar waarskynlik meer dikwels op die eerste.

778. In die gewone spelling stel die verbinding *ng*, versover dit tot dieselfde lettergreep behoort, dus altoos een klank voor, nl. **ŋ** ; daarenteë stel die verbinding *nk* van die gewone spelling, versover die nasaal nie verdwyn nie, altoos twee klanke voor,¹ nl. **ŋk**.

779. Let op die volgende verskynsel. Verkleinwoorde van woorde op **ŋ ng** word gevorm deur die agtervoegsel **-i -ie** of **-əci -etjie**, alnamate **ŋ** in die grondwoord nie of wel staan in die lettergreep met hoofklem.

(i) As **-əci** toegevoeg word, bly **ŋ** : **xan gang—'xan-əci, dəŋ ding—'dəŋ-əci**, ens.

(ii) As **-i** toegevoeg word, kry ons **ŋk**, waarby die twee klanke die twee opmekaarvolgende lettergrepe respektieflik sluit en open: **kəsəŋ kussing—'kəsəŋki, hɔ:rəŋ-horing—'hɔ:rəŋ-ki**, ens.

780. **jŋ -i jongie** moet as uitsondering beskou word op die vorige formulering. Hiernaas kan egter nog gehoor word **jŋ-ki jonkie**. Gewoon is natuurlik **jŋ-əci jongetjie**, maar dan in 'n ander betekenis.

781. In presies dieselfde geval en onder presies dieselfde omstandighede kan i.p.v. die uitroep **ŋm(m)**, (vgl. § 745) of **ŋn (n)** (kyk § 760), gehoor word **ŋŋ** of meestal **ŋŋŋ² ng**. **ŋ** is dan hier die *stemlose velére nasale frikatief*.

782. In plaas van **ŋŋ(ŋ)** kan gehoor word **x̣̄(:) g'n**, waarby die lengte van die vokaalelement verskillend kan wees, alna die nadruk. **x̣̄** stel voor die *stemlose genasaleerde velére frikatief*.

¹ *ng* het in die vroegste Nederlands gestaan vir **ŋg**, waarvan ons egter geen voorbeelde oor het nie. **ŋk** uit **ŋg** vind ons egter nog, o.a. by **ko:nəŋk-lək koninklik** naas **ko:nəŋ koning**, vorme wat in Afrikaans eweneens bestaan, terwyl die nasaal **ŋ** heltemal verdwyn het en die plek van die eksplosief **g** ingeneem is deur die frikatief **x** in Afrikaans **ko:nəxən koningin**. Naas die vorm **ko:nəxən** bestaan die minder gewone vorm **ko:nəŋən koningin** (Nederlands **ko:nəŋin koningin**). *ng* van die gewone spelling word in Vlaams nog algemeen as **ŋk** op die end uitgespreek : bv. **ko:nəŋk koning, dəŋk ding**.

² Vanweë die lang beentjie van **ŋ**, staan die ° hier **bo** en nie onder die nasaal nie.

HOOFSTUK XVIII.

DIE AFRIKAANSE HALFVOKALE.

WAT IS 'N HALFVOKAAL ?

783. In § 153 (8) het ons 'n halfvokaal gedefinieer as „'n stemhebbende oorgangsklank waarby die spraakorgane begin in die stand van 'n klinker van betreklik geringe klankrykheid, om onmiddellik daarop oor te gaan tot die stand van 'n ewe klankryke of klankryker klinker.”

784. Uit die omstandigheid dat ons 'n halfvokaal 'n „oorgangsklank” noem, volg dat dit 'n klank is sonder noemenswaardige duur (vgl. § 335).

'N halfvokaal is 'n *bewegingsklank*, d.w.s. 'n klank waarby die spraakorgane nouliks 'n bepaalde stand ingeneem het of hulle gaan oor tot die stand van 'n volgende klank, in hierdie geval 'n volgende klinker. 'N halfvokaal is dan ook nie aan te hou nie : dit duie die begin aan van die beweging van die spraakorgane, terwyl die volgende klinker die rigting aanduie wat die spraakorgane volg.

785. Laat ons dit met 'n voorbeeld duidelik maak. *j* is 'n halfvokaal in Afrikaans. Ons kry dit o.a. in die woorde *jø:k jeuk*, *jæx jig* en *jø:t jood*. In aldie woorde gebruik ons dieselfde simbool *j* en hierteen is daar in 'n breë transkripsie ook geen beswaar nie. *j* stel egter nie heeltemal dieselfde klank voor in hierdie drie woorde nie : die beginpunt is by aldie dieselfde, nl. min of meer die stand van die klinker *i*, maar die weg wat die spraakorgane daarop volg is verskillend, alamate die beweging voortgesit word in die rigting van *ø*:, *ə* of *o*:.

786. As die spraakorgane goed waargeneem word by die *j* van *jø:k*, *jæx* en *jø:t*, word duidelik opgemerk :—

(i) Dat *j* 'n bewegingsklank is, m.a.w. nie aan te hou is nie.

(ii) Dat die beweging van die spraakorgane verskillend is, alamate gestuur word in die rigting van *ø*:, *ə* of *o*:. Die verskil is o.a. duidelik te merk aan die beweging van die tong : by die eerste klinker kry ons 'n voorstand van die tong, by die laaste 'n agterstand, terwyl ons by die middelste klinker 'n tussenstand kry.

787. As verkies word om die karakter van 'n halfvokaal presies aan te duie, kan dit gedoen word deur *∪* te plaas bo die simbool vir die klinker wat as uitgangspunt dien (vgl. § 784) vir die bewegingsklank. Gemelde drie woorde sou dan getranskribeer word

i∪:k, *iæx*, *i∪:t*.

Stel dat ons 'n halfvokaal het in Afrikaans wat begin by ϵ en gevolg word deur α : , dan sou die kombinasie getranskribeer word $\xi\alpha$: , en desgeliks in ander gevalle.

788. Ten opsigte van die vokaal wat volg, neem 'n halfvokaal die karakter aan en vervul die funksie van 'n konsonant. Sy konsonantele karakter is die gevolg van sy betreklik geringe klankrykheid, wat weer die gevolg is van sy vlugtige, bewegingsklank-karakter.

789. 'N halfvokaal is dus ook te beskou as 'n klank wat op die grens staan van 'n vokaal en 'n konsonant. 'N gegewe halfvokaal kan in die een taal meer oorhel na 'n klinker, in die ander daarenteë meer na 'n medeklinker.

790. Die Afrikaanse taal besit drie halfvokale, waarvan die fonetiese tekens is **w**, **j** en **h**.

DIE AFRIKAANSE HALFVOKALE IN BESONDERHEDE.

w

791. Die Afrikaanse halfvokaal **w** begint by of naby die stand van die klinker **u**, om onmiddellik daarop oor te gaan tot die van die volgende klinker.

792. Van die standpunt van die spraakgebied as 'n geheel, is **w** beperk tot die woordjie van vermaak **wê**: *wé* (veral by kinders in gebruik).

793. Sommige van die sprekers wat na 'n medeklinker 'n tiepe van **u** uitspreek i.p.v. **v** (vgl. § 587), gee hierdie klank die karakter van die halfvokaal **w**. Dis egter beter om hierdie **u** oor die algemeen te beskou as medeklinker, d.w.s. as frikatief.

j

794. Die Afrikaanse halfvokaal **j** begint by of naby die stand van die klinker **i**, om onmiddellik daarop oor te gaan tot die van die volgende klinker. Hierdie volgende klinker kan enigeen van die Afrikaanse klinkers wees en **j** is dan ook 'n gewone klank in Afrikaans: **j**inqu *jingho*, **j**ø:k *jeuk*, **j**as *jas*, **j**ø:k *jok*, **j**ø:k *juk*, **j**øys *juis*, **j**ei *jj*, ens.

795. **j** kom net aan die begin van 'n lettergreep voor in Afrikaans. Wanneer ons egter **i** as die tweede element van 'n tweeklank ook as 'n halfvokaal beskou, kom **j** ook voor op die end van 'n lettergreep.

796. In 'n woord soos **aja aia** gaan die tong lank nie so hoog by **j** as wat anders die geval is nie. Dis egter ruim voldoende om **j** as sulks te doen erken ten opsigte van die voorafgaande en volgende klinker.

797. In § 783 is gesê dat 'n halfvokaal begint „in die stand van 'n klinker van betreklik geringe klankrykheid, om onmiddellik

daarop oor te gaan tot die stand van 'n ewe klankryke of klankryker klinker". By *jiŋgu* het ons die geval van 'n „ewe klankryke klinker". *j* is op sigself sowat ewe klankryk as *i*, maar deurdadig hy so vlugtig van karakter is en die volgende *i* die hoofklem besit, tref *i* die oor as klankryker.

798. As ons die Afrikaanse halfvokaal *j*, aan die een kant, vergelyk met die Engelse of Nederlandse *j*, aan die ander, veral met die Engelse, is dit duidelik dat die Afrikaanse *j* oor die algemeen meer oorhel na 'n medeklinker, die Engelse en Nederlandse daarenteë meer na 'n klinker. Ten gevolge hiervan klink die Afrikaanse *j* oor die algemeen harder as sy Nederlandse en veral sy Engelse maat.

799. Taamlik dikwels kan die frikatief *j* gehoor word in Afrikaans i.p.v. die halfvokaal *j*, nl. by besonder nadruk. Deels is die gebruik van die frikatief *j* egter ook iets individueels of iets lokaals (vgl. §§ 651-654).

fi

800. Die sogenaamde *h*-klank is dikwels verkeerd of heeltemal onvolledig beskrywe in fonetiese werke, ten gevolge van verkeerde of gebrekkige waarneming.

801. Die Afrikaanse *h*-klank is, versover hy uitgespreek word (vgl. § 806), 'n halfvokaal, wat by of naby die stand van die sogenaamde neutrale klinker *ə* begint, om onmiddellik daarop oor te gaan tot die van die volgende klinker. Die klank is dus stemhebbend. Die fonetiese teken is *fi*.¹

802. Die stembande is iets wyer by Afr. *fi* as by 'n klinker, terwyl die asemstroom iets sterker is. Afr. *fi* is niks anders nie as 'n vlugtige tiepe van klinker, maar een wat iets harder is, iets meer geruis het as wat by klinkers die geval is.

803. In vergelyking met Afr. *j*, klink Afr. *fi* sag. Terwyl Afr. *j* oorhel na 'n medeklinker, hel Afr. *fi* oor na 'n klinker.

804. Afr. *fi* word gevolg deur elkeen van die Afrikaanse klinkers en is 'n gewone klank in Afrikaans: *fi*r *hier*, *fi*y:r *huur*, *fi*e:s *hees*, *fi*ai: *haai*, *fi*oeys *huis*, ens.

805. Daar is dus netsoveel verskillende tiepes van *fi* in Afrikaans as wat daar verskillende tiepes van klinker daarop volg. Dit geld trouens ook van *j*.²

806. Die *fi* van die agtervoegsel *-fi*eit *-heid* word meestal nie bewaar nie.

(i) Dit word uitgestoot, mits die grondwoord nie op 'n klinker uitgaan nie: *sko:neit skoonheid*, *va:reit waarheid*, *xutsit goedheid*,

¹ Die fonetiese teken vir die stemlose *h*-klank is *h*.

² Voor 'n geslote voorklinker kan (by sommige waarskynlik meer as by ander) die gepalataliseerde *fi* gehoor word, veral by nadruk: bv. *fi*e:lə *hele*, vir *fi*e:lə *hele*.

xrǝfeit *grofheid*, **fi:seit** *heesheid*, ens. In plaas van te sê dat **fi** uitgestoot word, kan dit ook beskou word as 'n geval van assimilasie aan die voorafgaande medeklinker.

(ii) Dit word geassimileer aan die voorafgaande slot-**x** van die grondwoord: **muǝeit** *moegheid*, **slǝxǝeit** *slegheid*, **tra:xǝeit** *traagheid*, **orǝxǝeit** *origheid*, **plǝsi:rǝxǝeit** *plesierigheid*, **trǝ:rǝxǝeit** *treurigheid*, ens.

807. Die geval onder (ii) het 'n agtervoegsel **-xǝeit** laat ontstaan, wat baie verbreid is en, deur oordrag, ook daar gewoon is waar die grondwoord nie op **x** uitgaan nie, hoewel dit darem die verste en algemeenste deurgedring het waar die grondwoord wêl op **x** uitgaan. Vorme soos **moi:xǝeit** *mooiheid*, **roi:xǝeit** *rooiheid*; **fa:lǝxǝeit** *vaalheid*, **slǝmǝxǝeit** *slimheid*, **dǝnǝxǝeit** *dunheid*, **se:rǝxǝeit** *seerheid*; **kǝrtǝxǝeit** *kortheid*, **outǝxǝeit** *oudheid*, **papǝxǝeit** *papheid*, **stoutǝxǝeit** *stouthheid*, **svakǝxǝeit** *swakheid*; **mǝefǝxǝeit** *mufheid*, **xrǝfǝxǝeit** *grofheid*, **fi:sǝxǝeit** *heesheid*, ens., is nie alleen gewoon nie, maar die organiese vorme op **-fiǝeit** is ongewoon.¹

808. In die gevalle onder die vorige paragraaf word, naas die vorme op **-xǝeit**, gehoor die met verdwyning van **fi**, versover die grondwoord nie op 'n klinker uitgaan nie: **slǝmǝeit**, **dǝnǝeit**, **kǝrteit**, **papǝeit**, **svakǝeit**, ens.

809. Die gebruik van die agtervoegsel **-xǝeit** hang soms saam met die emosionele faktor. So word vorme as **lǝyǝxǝeit** en **stoutǝxǝeit** dikwels wel as sterker gevoel dan **lǝyǝfiǝeit** en **stoutǝfiǝeit** of **stouteit**, terwyl van die woord *waarheid*, wat minder aan die invloed van genoemde faktor blootgestel is, net die uitsprake **va:rǝfiǝeit** of **va:rǝeit** bestaan, nie 'n vorm **va:rǝxǝeit** nie.

810. Die vorm met **x** kom nie in die meervoud voor nie, wat dan ook die rede is waarom die spelling *-geid* nie erken word nie.² In die meervoud het ons hetsy **fi**, hetsy sinkopee van **fi**: **stoutǝxǝeit**, maar **stoutǝfi:da** of **stoute:da**.

811. Verdwyning van **fi** is ook gewoon in die swak vorme van **fiǝeit** *hy*, **fiǝm** *hom* en **fiar:r** *haar*: bv. **as-ei kǝm** *as hy kom*, **ne:m fǝ-rǝm** *neem vir hom*, **dra: fǝ-ra:r** *dra vir haar*.

812. Naas **fǝŋǝrǝfi** of **fǝŋǝrǝut** *vingerhoed* word gehoor **fǝŋǝrǝxǝut**. Die vorm met **-xǝut** is nie langs organiese weg ontstaan nie, maar na analogie van gevalle soos **sme:r-xǝut** *smeergoed*, **vas-xǝut** *wasgoed*, ens., deurdad die samestellende dele van die woord *vingerhoed* (hoedjie of kappie vir die vinger) nie meer gevoel is nie.³

813. Gewoon is die oorgang van **fi** tot **v** in die werkwoord **vo:rt** vir **fiǝ:rt** *hoort*, maar net in die uitdrukking **dǝt vo:rt (ni)** **so: (ni)**

¹ Vgl. T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer*, § 113, opm. 2.

² Vgl. die eerste outeur in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, bl. 275, noot.

³ Vgl. T. H. le Roux, *ald.*, opm. 1 en Mansvelt, *Kaapsch-Hollandsch Idioticon*, i.v.

vir en naas **dət ho:rt (ni) so: (ni)** *dit hoort (nie) so (nie)*. Daar die oorgang net plaasvind na die alweolêre **t**, skyn dit 'n geval te wees van gedeeltelike assimilasie: die stembandklank **h** gaan oor tot die labiodentale **v** na die alweolêre **t**.¹

814. Algemeen is dit om 'n tiepe van **h** uit te spreek in Afrikaans in die volgende drie gevalle. Dis 'n swakker tiepe van **h** as totnogtoe behandel is, m.a.w. 'n egte oorgangsklank. Indien verkies, kan dit aangeduie word deur die simbool **bo** die lyn te plaas, aldus **h̄**.

(i) Tussen twee klinkers (waaronder ook tweeklanke inbegryp word), m.a.w. tussen twee lettergrepe wat respektieflik eindig en begin met 'n klinker: **tre:-h̄ə** *treë*, **o:-h̄ə** *oë*, **plu:-h̄ə** *ploëë*, **brœ:-h̄ə** *brœe*, **pai:-h̄ə** *paaië*, **roi:-h̄ə** *rooië*, **tœy:-h̄ə** *tuie*, **ɛsɛnsi-h̄e:lə** *essensiële*, **finansi-h̄e:lə** *finansieël* en die gerekte vorme soos '**a:-h̄a** *a-a*, '**o:-h̄o**: *o-o*,² **so:-h̄o**: *so-o*, **ne:-h̄e**: *ne-ee* **dri:-h̄i** *drie-ie*, **a:-h̄ax** *a-ag*, ens.

(ii) Na 'n lang slotklinker: **ne^{h̄}**: *nee*, **se^{h̄}**: *see*, **ja^{h̄}**: *ja*, **pa^{h̄}**: *pa*, **xlo:^{h̄}** *glo*, ens. Wanneer die slotklank daarentoe 'n kort klinker of 'n tweeklank is, word geen **h̄** gehoor nie: vgl. o.a. **e:tə** *ete*, **masa** *massa*, **soi:** *sooi*, **frou** *vrou*, ens.

(iii) Voor die woordjie **al**: **h̄si-t nou** **h̄al** **bəta:l** *hy het nou al betaal*. Dit geld ook van die samestelling **lan̄k-h̄al** *lankal*.

h̄ is voller in (i) en (iii) as in (ii).

815. Dis maklik om die ontstaan van hierdie **h̄** te verklaar. In § 802 is daarop gewys dat die stembande by **h̄** iets wyer is as by 'n klinker. In (i) en (iii) word **h̄** gehoor wanneer die stembande wél vernou is, maar nog nie die mate van vernouing bereik het wat vereis word vir 'n klinker nie. In (ii) word **h̄** gehoor wanneer die stembande die vereiste vernouing vir 'n klinker reeds verlaat het, maar tog nog voldoende naby mekaar is om trilling te laat hoor.

In (i) en (iii) is **h̄** die aanloop van die volgende klinker, in (ii) is **h̄** die afloop van die voorafgaande klinker.

816. Uit die gevalle onder § 814 blyk ten duidelikste die karakter van die Afrikaanse **h̄** as oorgangsklank.

817. Deur Engelse is dikwels aan Hollandse Afrikaners gesê dat hulle hul *h*-klanke weglaat. Tog is weglating van die *h*-klank, asook die teenoorgestelde verskynsel en een wat daar altoos mee gepaard gaan, nl. invoeging van die *h*-klank,³ onbekend in

¹ Vgl. T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer*, § 113, opm. 4.

² Goed te onderskeie van **a-h̄a**: *aha* en **o-h̄o**: *oho*.

³ Altwee is gewoon in sekere Engelse en Nederlandse dialekte.

Afrikaans. Ook sal 'n Hollandse Afrikaner nooit daaraan twyfel of 'n **f** wél of nie aanwesig is nie, hoewel dit met die vreemdeling, in hierdie geval die Engelsman, die geval is. Daar bestaan dan ook geen verwarring of misverstand hoegenaamd met sulke, owerigens eensluidende, woordpare soos die volgende nie: **ho:r** hoor × **o:r** oor, **ha:r** haar × **a:r** aar, **hom** hom × **om** om, ens.

818. Die opmerking van die Engelsman is die gevolg hiervan dat hy nie besef dat die Hollandse Afrikaner glad 'n ander *h*-klank as hy self besit nie, en ook daarvan dat die Afrikaanse **f** baie sagter klink en so minder duidelik is as die Engelse *h*-klank.

819. Die Engelse *h*-klank, waarvoor die fonetiese teken **h** is, kan genoem word 'n stemlose klinker, met dien verstande dat die stembande verder van mekaar is en die asemstroom sterker as wat by klinkers die geval is. Die karakter van die Engelse **h** hang af van die volgende klinker: daar's netsoveel **h**'s in Engels as wat daar volgende klinkers in die taal bestaan.¹

Die Engelse **h** word vergesel van 'n sterk asemstroom (die stembande is immers oop), sterker as van enige frikatief in die taal.

Die Afrikaanse **f** daarenteë is 'n stemhebbende klank, met 'n baie swakker asemstroom. **f** klink sagter, is baie minder duidelik as **h**.

820. Ons het aanvanklik moeite met die Engelse **h**, soos trouens met die **h** in die algemeen. In die poging om die Engelse **h** uit te spreek, laat ons dikwels 'n ekstra-sterk **f** hoor. Dis ewenwel baie maklik om die Engelse **h** te leer uitspreek as die volgende weg gevolg word: spreek die een of ander klinker van die taal uit; hou die klank aan en laat onderwyl die stembande oopgaan vir asem. By hierdie oefening moet ons die aangeduide weg volg en oppas dat ons nie 'n gefluisterde klinker (vgl. § 75) vir 'n stemlose klinker aansien nie.

821. Die Nederlandse *h*-klank is eweneens stemloos, dus **h**, maar is nie so sterk as die Engelse nie.

822. **h** en **f** staan dus nie teenoormekaar soos die stemlose teenoor die stemhebbende lid van 'n klankpaar nie. **h** is eintlik 'n selfstandige klank, wat kan aangehou word; dit kan genoem word die stembandfrikatief, met dien verstande dat dit telkens 'n ander mondstand aanneem alnamate die volgende klinker verskillend is. **f** is 'n halfvokaal, d.w.s. 'n bewegingsklank, wat dus nie aan te hou is nie.

Literatuur.—Ons verwys na die uitgebreide behandeling van die **h**-klank by Dumville, *Science of Speech*, bl. 88 volg., en Jespersen, *Lehrbuch*, §§ 88-93, en *Grundfragen*, §§ 93 en 115. Jespersen het egter ongelyk waar hy, op laasgenoemde plek, betoog dat **h** geen stemlose klinker is nie. Tot die eintlike wese van **f** dring hy ook nie deur nie.

¹ Vgl. Jones, *Outline*, §§ 328 volg. **f** kan ook in Engels gehoor word, nl. tussen klinkers: bv. **pə'fiæps** *perhaps*: vgl. Jones, *ald.*, § 339.

HOOFSTUK XIX.

INGEASEMDE KLANKE EN KLAPKLANKE.

INGEASEMDE KLANKE.

823. Al die klanke wat ons sover behandel het word voortgebring deur asem wat uitstroom: deur die mond, deur die neus, of deur albei.

824. 'N klank kan egter ook gevorm word deur dit in te asem i.p.v. uit te asem. Sodanige klanke heet *ingeasemde klanke*. Hulle is gewoonlik stemloos, vanweë die moeilikheid om stem te laat hoor by inasem.

825. In Afrikaans bestaan daar geen spraakklanke in eintlike sin wat ingeasem word nie. By 'n gevoel van pyn is dit egter gewoon om 'n ingeasemde f te laat hoor. Die fonetiese teken vir 'n ingeasemde klank is >, geplaas onder die simbool vir die klank in kwessie. Hierdie f sou dan getranskribeer word f.

826. Ook word die woordjie *ja* in die sin van „wat sal ek sê” (waar die spreker nie presies weet wat om te antwoord nie, gewoonlik gepaard met skouerophaling) deur baie sprekers ingeasem, waarby die eerste klank stemloos word, d.w.s. ç, en die klinker, hier kort, gefluister word in enge sin (vgl. § 75). Die fonetiese teken vir 'n gefluisterde klank is c, geplaas onder die simbool vir die gewone klank. Op die klinker volg die stembandeksplisief ç¹ (vgl. § 655).

KLAPKLANKE

827. Die bogenoemde f laat ons nie net hoor by 'n gevoel van pyn nie; ons laat dit ook hoor wanneer iets lekker smaak. In hierdie geval egter word die klank langer aangehou (dus f f) en gewoonlik gevolg deur 'n klappende geluid, dieselfde wat ons laat hoor as ons afkeuring te kenne gee.² So'n klank word genoem 'n *klapklank*.

¹ Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*, § 134 en § 136 en noot 1. Let daarop dat die klinker hier nie bloot stemloos is nie, maar bowendien gefluister wat nog iets anders is.

² Dis die klapklank wat, in die vorm van 'n reeks, gebruik word om varke te lok.

828. Hoe en waar word hierdie klapklank gevorm? By ondersoek sal blyk dat ons die punt en blad van die tong stewig teen die botande en die tandwoitels vasdruk (die punt kan ook tussen bo- en ondertande wees) en op die manier 'n suiging veroorsaak. By verbreking van die suiging, ontstaan 'n klappende geluid.

829. Klapklanke is dus afsluitingsklanke, maar hulle is, in teëstelling met die gewone afsluitingsklank, onafhanklik van die asem. Klapklanke word nie gevorm deur inaseming, soos soms gedink word nie (veel minder deur uitaseming): dis bloot suinginge, by die verbreking waarvan 'n klappende geluid ontstaan. Ons sou klapklanke kan noem suigingseksplisiewe.¹

830. 'N klapklank word dus altoos gevorm op die plek van die een of ander eksplisief. Die bogenoemde klapklank word gevorm op die plek van dentale t. Die fonetiese teken vir 'n klapklank is <, geplaas bo die simbool van die eksplisief in kwessie. Die geluid waarmee ons 'n heerlike smaak vergesel sal dus getranskribeer word fṭ.

Die geluid word deurgaans gevolg deur 'n gefluisterde a:, dog uitgeasem. Die hele geluid is dus eintlik fṭa:.

831. Daar's tale waarin klapklanke die rol vervul van spraakklanke en in die gewone ortografie erkenning vind. Bekend is die klapklanke van Hottentots, waar daar vier is.² Boesmans het nog meer: vyf of ses, alna die volkstam. Ons ken dit ook in verskillende Bantoe-tale.

832. In Afrikaans besit ons verskillende klapklanke, maar nie as spraakklanke nie. In die geval onder § 827 sal sommige i.p.v. ṭ 'n p̣ laat hoor; ander 'n alweolêre ṭ; nog ander 'n „kakuminale” ṭ.³ Die laaste is die klapklank wat kinders algemeen laat hoor as hulle „perdspeel”.

833. Daar's nog 'n klapklank wat ons laat hoor om 'n perd aan te spoor, ðf as lokmiddel vir diere (in die laaste geval 'n reeks

¹ Volgens Noël-Armfield, *ald.*, § 135, is die stembande gesluit by klapklanke. Dit hoef nie te wees nie, soos blyk uit die omstandigheid dat 'n mens 'n reeks van die een of ander klapklank kan laat hoor terwyl asem voortdurend deur die neus gaan. In Afrikaans is die stembande oop. Volgens Dr. C. M. Doke (*Phonetics of the Zulu Language*, bl. 128) is daar vier soorte klapklanke: *stemlose* en *stemhebbende*, *geaspireerde* en *genasaleerde*. Verder is hy van oordeel dat 'n egte klapklank altoos 'n dubbel afsluiting het, waarvan een steeds gemaak word teen die sagtegehemelte (*ald.*, bl. 124). Bogenoemde Afrikaanse klapklanke sou dan *onvolledig* wees.

² Elke egte Hottentotse snw. het 'n klapklank voor.

³ 'N *kakuminale* klank is een waarby die punt van die tong op- en omgebuie word. Die fonetiese teken daarvoor is 'n . onder die simbool vir die gewone klank. Vgl. Noël-Armfield, *ald.*, § 129. In hierdie geval word Afr. ṭ gevorm teen die hardegehemelte.

daarvan). Hier het ons 'n laterale alweolêre **t**, d.w.s. een met 'n sydelingse verbreking, soos in die geval van **l**. Die fonetiese teken vir sydelingse verbreking, indien vereis, is **ṭ**. Hierdie laaste klank kan dus voorgestel word **ṭ[†]**

HOOFTUK XX.

ASSIMILASIE, DISSIMILASIE EN ASSIBILASIE.

ASSIMILASIE.

834. Wanneer in woorde of woordgroepe naburige klanke mekaar influenseer, met die gevolg dat die een klank in minder of meerder mate gelykgemaak word aandie ander, word sodanige klankverandering *assimilasie* genoem.

Laat ons twee voorbeelde neem, nl. **ɔmo:nṭək onmoontlik** en **ɔmbələk onbillik**. In die eerste geval is die **n** van die voorvoegsel gelyk gemaak aan die **m**, m.a.w. heeltemal daardeur vervang, sodat in plaas van twee verskillende nasale, daar een te staan kom. In die laaste geval is daar in diè sin gelykmaking gekom dat die alweolêre nasaal **n** vervang is deur die bilabiale nasaal **m**, onder invloed van die bilabiale eksplisief **b**.

835. Gewoonlik vind die assimilasiEVERANDERING geen uitdrukking in die gewone spelling nie, soos ook in bogenoemde twee woorde die geval is. Vir 'n praktiese spelling sou dit 'n onbegonne taak wees om al die verskillende grade van assimilasiE te laat uitkom, en kan hoogstens algemeen erkende en duidelike gevalle erkenning vind. By 'n fonetiese transkripsie staan die saak natuurlik anders.

836. Dis gewoonte om assimilasiE op te vat as slaande op medeklinkers, wat begryplik is, omdat dit hier makliker waar te neem is. Daar's egter ook baie gevalle van klinkerassimilasiE, soos straks sal blyk.

837. AssimilasiE is 'n baie gewone en 'n wydvertakte klankverskynsel in Afrikaans. Wat meer is, dit mag veilig aangeneem word dat daar geen taal bestaan, bestaan het of sal bestaan waarin assimilasiE nie 'n rol van groter of kleiner omvang speel nie. Ons kan ons 'n taal nie sonder assimilasiE dink nie. Natuurlik is die omvang en die aard van assimilasiE verskillend in verskillende tale.

838. Hierdie klankverskynsel kan onder verskillende hoofde ingedeel word. In die eerste plaas kan dit ingedeel word in:—

(i) *Algemene* of *vaste assimilasiE*, d.i. assimilasiE wat by iedereen wat 'n taal as moedertaal spreek, voorkom. HiertoE